Vriende

Dit is 'n wyle wat ek reeds met die behoefte rondloop om naweke te reël waartydens 'n klomp ouens bymekaar kan kom, met 'n kundige spreker, om in diepte na spesifieke onderwerpe in die Bybel te kyk - d.w.s. die fokus is spesifiek studie of lering - ek het die laaste 3 jaar die MMC saamtrekke bygewoon en groot vreugde / sin daaruit geput, maar nou het ek 'n groter behoefte aan kennis van die Woord - ek het die plan met 'n paar "broers in die geloof" bespreek en dit het groot byval gevind en gevolglik het ons begin werk maak van die plan.

Ons reël die eerste naweek dan op 'n plaas anderkant Settlers (rigting Marble Hall, +- 180 km vanaf Rigel afrit) - die naweek is van 15 - 17 April 2011 - die plaas het net baie basiese geriewe en sien dit dus as 'n heerlike geleentheid om in die veld te kamp en kwaliteit tyd met jouself, die Bybel en ander mede-"behoeftiges" deur te bring - daar is wel 'n behoorlike groot grasdak lapa waaronder ons 50 ouens kan akkommodeer vir die lesings. Ons beperk die getal manne tot so 50 aangesien ons genoeg geleentheid vir interaksie met die spreker wil laat en nie die " plaas atmosfeer " wil versteur nie.

Ek het vir Nico van der Walt genader om ons die naweek as spreker besig te hou met die onderwerp "Priester, Profeet en Koning - in ons huis en gemeenskap". Ek het Nico destyds raakgeloop toe ek die Lynnwoodrif gemeente se Bybelskool gedoen het en hy vir 'n helle paar jaar daar lesings aangebied het - Nico se benadering is suiwer Woord gebasseer en Christus gerig - hy is ook 'n ingeneur van nering en die benadering kom duidelik na vore in sy aanbiedings. Nico is tans verbonde aan 'n Babtiste gemeente in Worcester en ek heg met vrymoedigheid 2 van sy weeklikse studiestukke aan net om julle 'n gevoel te gee van die man se kwaliteite as "pedagoog".

Hierdie spesifieke naweek sal net in Afrikaans aangebied word - die eerste lesing sal Vrydag-aand wees en sal 'n inleiding en agtergrond tot die onderwerp behels - daarna sal ons die drie onderafdelings van die onderwerp doen op Saterdag oggend, Saterdag aand en Sondag oggend - die lesings sal so +- 90 minute (sluit vrae tyd in) wees en daar sal genoeg tyd wees vir jouself - die plaas leen hom daartoe om te gaan stap of sommer op 'n klip te gaan sit.

Kostes vir die naweek beloop R 300 per persoon - dit word gebruik om Nico se kostes te dek, onderhoud van sekere infra-struktuur te doen en dan enige oorblywende geld sal aan die Promised Land Bible Church in Soshanguwe gaan. - ek voorsien dat die onderwerp en vlak van aanbieding nie kinders (selfs hoërskool) sal pas nie - ek is egter oop vir oortuiging dat ek verkeerd is - ek sal weldrae meer inligting verskaf soos die naweek nader kom.....

Ons plan is om na behoefte meer gereeld sulke naweke aan te bied en ek sal julle kommentaar en onderwerpe dus verwelkom.

- versprei asb die e-pos aan ouens wat mag belangstel en wat die bepaalde behoefte deel - ons is reeds 'n klompie manne en plek is dus op 'n "eerste betaal eerste bespreek" basis.

Ek verneem graag van julle.

groete

JAN RHOODIE